# Gebedsbulletin
# No. 21 van 2025

## 25 Mei 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Wees nederig, soos Jesus!

Die Britse koerant, "The Times," het een keer vertel hoe koningin Elizabeth saam met haar lyfwag, Richard Griffin, by Balmoral gaan stap het. Sy was in gewone klere geklee, met haar kopdoek en al. Toeriste, wat daar rondgeloop het, vra toe so ewe vir haar haar of sy al ooit die koningin ontmoet het. Sy het nee geantwoord, maar toe kyk sy na haar lyfwag en sê: "But he has!" Praat van humor en nederigheid! Dieselfde dilemma het baie mense oorgekom, wat onverwags in Jesus vasgeloop het. Ek lees juis in Johannes 4 hoe oorbluf die Samaritaanse vrou was, toe sy uiteindelik agterkom wie Jesus regtig is. Sy kon haar oë nie glo dat die Messias met haar by 'n waterput gesels het nie.

Jesus het nie na ons toe gekom met blink hemelse klere aan nie. Hy het gekies om in die gestalte van 'n slaaf tussen ons rond te beweeg, soos wat Paulus in Filippense 2 skryf. Nee, hierdie was nie 'n tydelike rol, wat Jesus aangeneem het nie. Dit sien ons wanneer Jesus in Johannes 13 Sy dissipels se voete kort voor Sy kruisiging was. Dan verduidelik Hy dat Hy dit as Here en Leermeester doen. Kom ons leer by Jesus dat nederigheid en diensbaarheid ook die hartklop van ons eie lewe moet uitmaak. Die nederige Kind van Betlehem en die gekruisigde Heer van Golgota is ons Voorbeeld. Kom ons volg Hom na - dan groei ons reg én regtig in ons eie karakter voor die Here.

*deur Stephan Joubert*

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Carin Wilsenach
Anna Chandler
Hannah Bylsma
Tannie Charmaine Venter
Oom Andrew Oosthuizen
Jan Viljoen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Theo Prinsloo
Juanita Rossouw
Marelize Harrison
Marcel Holtzhausen
Hennie Coetzee
Natasha Stolz

Ons innige meegevoel aan Dianne Holtzhausen en familie met die afsterwe van haar man (Wikus).

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in